**Skriflesing: Job 2 vers11-13**
**Tema: Om 'n vriend uit die sloot op die wal te help**

Jy het 'n allerbeste vriend. Hy leef 'n skoon en eerlike lewe, soveel so dat die Here met hom spog: "Sy gelyke kry jy nie op aarde nie. Hy is vroom en opreg. Hy dien my. Hy vermy die kwaad."

Hy het 10 kinders. Hy is een van die rykste en belangrikste mense van sy tyd.

In die raadsaal van die Here vind 'n gesprek oor jou vriend plaas, maar daarvan weet jy niks nie.

Al wat jy weet, is wat jy op facebook, wattsapp, twitter en in die koerant lees. Op 'n dag is al jou vriend se osse en donkies gesteel en sy slawe doodgemaak. Weerlig slaan al sy kleinvee en wagters dood. Ook sy kamele word geroof en die slawe, wat hul opgepas het, doodgemaak. Dan sterf al sy kinders in 'n storm. Binne 'n dag het jou vriend net 4 slawe oorgehad . Asof alles nie erg genoeg is nie, word hy ernstig siek.

Wat doen jy?

Van jou vriend hoor jy dat hy sy klere geskeur en hare afgeskeer het. Hy het op die grond gaan lê en gesê: "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here." (Job 1 vers 21). Na hy siek geword het, sê hy: "As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?" (Job 2 vers 10) En ten spyte van dit alles het jou vriend nie gesondig of God iets verwyt nie.

Hoe help jy hierdie beste vriend van jou? Jy kan wegbly en stilbly, dit klink immers of hy "oraait" is. Jy kan die dominee of kerkraadslid bel om hom te besoek. Bel ons asseblief, maar onthou: jý is sy beste vriend. Of jy kan die maklike antwoord, die een wat Job se 3 vriende ook gebruik, gee. Jou vriend se lyding is God se straf op sy sonde. Goeie dinge gebeur met goeie mense en slegte dinge met slegte mense. Hy moet hom net bekeer en sy sonde bely, dan sal God sy lot verander. En so maak jy jou vriend se lyding net baie erger. Nou ly hy nie net meer fisies en emosioneel nie, maar ook geestelik. Jy laat hom dan verstaan dat die oorsprong van al sy probleme sy verhouding met God is. Hierdie "troos" word vandag steeds wyd gebruik word. Dit is natuurlik die grootste snert.

Daar is baie voorbeelde, veral in die Ou Testament waar God se volk gesondig en Hy hulle gestraf het. Ons kan nie ontken dat lyding soms Sy straf op sonde is nie, maar daar is ook baie ander redes vir lyding. In die Nuwe Testament word ons verseker dat Jesus Christus die straf op ons sonde gedra het. Ons lees al in Jes 53:5-6: "Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur Sý wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom." Wanneer ons ons sonde bely, vergewe God ons sonde, want Jesus het volledig die straf op ons sonde gedra. Ons hoef dit nie weer te doen nie.

In Job 42 vers 7-8 lees ons: "Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: "Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid

oor My gepraat soos my dienaar Job nie. Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as 'n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie."

My beste vriend is in 'n krisis. Hoe nou gemaak? Ek het hom/haar lief en kry hom/haar jammer. Met God se Gees in my is ek deel van Sy fontein van liefde. Wat kan ek doen?

Gaan na jou swaarkry-vriend toe. Jy hoef nie alleen te gaan nie. Vat vriende saam. Skakel jou selfoon af en gaan sit by hom/haar. Voel saam met hom/haar.

Hy/sy weet dit, maar gaan wys vir hom/haar hoe lief jy hom/haar het. Job se vriende is nie mooiweersvriende nie. Hulle het vir meer as 'n week lank alles gelos om by hom te wees.

Die Jode het 'n wyse tradisie gehad dat jy nie mag praat voor die persoon wat swaarkry, gepraat het nie. En dit is presies wat Job se vriende doen. Hier is aanvanklik nie kitsantwoorde of troosgedagtes wat "gecopy en -paste" word nie.

Wees net daar by jou allerbeste vriend wat swaarkry. Job se vriende het hardop gehuil. Ons weet dat gedeelde vreugde dubbele vreugde is en gedeelde hartseer halwe hartseer is. Hulle daar-wees en saamhuil, halveer sy hartseer. Hulle het meegevoel getoon deur hulle klere te skeur en stof in die lug en op hulle koppe te gooi.

Ek moes al vir ouers die nuus oordra dat hul seun op 'n plaas vermoor is. Ek het al saam met ouers in Ongevalle gestaan toe die spesialis uitkom en vir hulle sê dat hy nie die lewe van hul lewenslustige 13jarige seun kon red nie. Ek het al saam met 'n pa geloop terwyl hy die wit kissie van 'n kind wat by geboorte gesterf het graf toe dra.

Wat doen ek? Wat sê e? Daar is nie kitsantwoorde of kortpaaie uit storms na vrede en rus nie. Wees net daar. Luister - nie om antwoorde te gee of te reageer nie, maar om te probeer verstaan. Jou luister en liefde is vir 'n persoon in diepe seer en hartseer 'n versekering dat die Here luister en hom/haar liefhet .

Gee troos uit die Woord van die Here maar pasop: die Here is oneindig groter en wyser as ons. Hy is alwetend. Ons kan nie met ons verstandjies alles verklaar nie.

Wanneer jy gedurende 'n donker dag of na nie weet wat om vir jou beste vriend te sê nie, gaan wees net daar. Gaan huil saam. Gaan wees jy die arms van die Here wat vir hom of haar vasdruk. Gaan wees jy die hart waar hy/sy God se hartklop van liefde kan hoor.
**Amen**